

14 April

Romeine 6:1-14

(Teks: 6: 11)

Verreken die opstanding van Christus

Hoe maak jy gebruik van die werk wat Christus vir jou en in jou gedoen het? Hy het jou uit die sondedood lewend gemaak. Ons het met Christus een geword in sy dood en daarom ook een in sy opstanding.

Paulus sê *onthou dat julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe.*

Die Griekse woord wat in die 1983-vertaling met *onthou* weergegee is, is in die 1953-vertaling met *reken* vertaal. Die Afrikaanse woord *logies* kom van hierdie Griekse woord af. Die woord wil dus sê dat ons 'n sekere berekening moet doen. Soos ons soms omstandighede of feite bereken voordat ons enige besluite neem. Ons moet meer as bereken. Ons moet *verreken*. Verreken het 'n skerper en meer intensiewe betekenis as bereken. Dit beteken dat jy die berekeninge wat jy gedoen het nou gaan toepas.

So moet ons dit *verreken* dat ons vir die sonde dood is en vir God lewe. Ons het immers met Christus gesterf en daarom is ons vir die sonde dood. En ons het daarom ook met Hom opgestaan en nou leef ons vir God.

Ons lewe kry nou 'n nuwe betekenis. Ons is nie meer slawe van die sonde nie. Ons is nou slawe van God (Romeine 6:18) en dus volkome vry!

Verreken daarom die opstanding van Christus in jou lewe.

Want ons is één met die Lewende!

Sing Psalm 73:10 en 11

Ds. P.B. de Klerk (Stilfontein)